

UIT DIE PEN VAN DIE CEO (23/10)

Justin Chadwick (18Junie 2010)

GESEGDE VAN DIE WEEK: “ Always get married early in the morning. That way, if it doesn't work out, you haven't wasted a whole day” Mickey Rooney

INTERNASIONALE PLANTBESKERMINGSKONVENSIË (IPBK)

Alle lande wat by die Wêreld Handelsorganisasie (WHO) aansluit, onderteken die IPBK – hierdie konvensie streef daarna om die verspreiding van plaë en siektes regoor die wêreld te verhoed, terwyl daar terselftertyd gepoog word om die impak op wêreldhandel te beperk. Die rasionaal is dat lande die reg het om hul flora en fauna te beskerm, maar nie op 'n onredelike wyse nie. Handelsvereistes en regulasies moet suiwer op wetenskap gebaseer word.

Suid-Afrika het sedert 1992 beswaar teen die EU se eensydige instelling van vereistes in terme van handel in sitrus, aangeteken. In besonder is die EU se vereistes ten opsigte van CBS nie op enige wetenskaplike regverdiging gebaseer nie. Die maatreëls wat in 1992 geïmplimenteer is, is nie op 'n Pes Risiko Analise (PRA), 'n vereiste vir die instelling of wysiging van maatreëls, gebaseer nie. Nadat daar vir verskeie jare versoek is dat 'n PRA gedoen moet word, het die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf en die Departement van Landbou, die wêreld se leiers op CBS-navorsing die opdrag gegee om 'n PRA te ontwikkel. Dit is in 2000 by die EU ingedien. Daarna het 10 jaar van frustrerende interaksie tussen die EU en RSA se Plantgesondheidsowerhede verloop. Dit het aanleiding tot die EFSA verslag gegee (verslag moes 'n opinie oor die PRA gee, maar navorsing is toe met 'n paneel wat niks van CBS weet nie, gedoen). Aangesien die EFSA verslag tot strenger maatreëls omtrent CBS gelei het en die feit dat daar nog STEEDS GEEN TEGNIESE REGVERDIGING vir die huidige CBS maatreëls is nie, het die Departement van Landbou, Bosbou en Visserie (DAFF) en die bedryf nou die IPBK se sekretariaat versoek om in te gryp. Die gewone proses wat deur die IPBK gevolg word, is om 'n paneel van kundiges saam te stel om alle materiaal aangaande die aksie te bestudeer en 'n uitspraak te lewer. Hierdie proses kan tot 18 maande duur – en moet UITEINDELIK antwoorde bring - en die handelsbeperkende, onregverdigde maatreëls wat tans in plek is, verslap.

HANS NODDEBOE

Hans Noddeboe, doyen van die sitrusbedryf is Sondag oorlede. Hans sal onthou word vir sy skerp humorsin en sy passie vir die sitrusbedryf. Hans was by elke sitrusbedryfsvergadering wat ek in Swaziland bygewoon het en was 'n vurige beskermder van die Swazi-bedryf. Altyd 'n ware heer, Hans sal baie gemis word. Ons innige meegevoel aan Per en die res van sy familie.

GLOBALE SITRUSKONFERENSIE: 8 EN 9 JULIE 2010

In 2010 het sitrusprodusente persoonlik hul eerste veldtogte in die VK en Japan befonds. RED Communications is gekontrakteer as die agentskap om die VK veldtog te hanteer, en **John Valentine** van RED sal sy ondervindinge en planne met ons by die konferensie deel.

Met produsente wat gretig is om die nuutste en beste kultivars te bekom, en uitvoerders wat graag eerste wil wees om die kultivars te bemark, moet die praatjie van **Etienne Rabe** waarin hy sy globale perspektief oor kultivars gee, nie misgeloop word nie. REGISTREER NOU VIR DIE ENIGSTE GLOBALE

SITRUSKONFERENSIE BY www.gcc2010.co.za.

GEPAK EN VERSKEEP

Tot Week 22 Miljoen 15 Kg katonne	Gepak	Gepak	Gepak	Verskeep	Verskeep	Oorspronklike Skatting	Nuutste Voorspelling	Finaal Gepak	Finaal Verskeep
BRON: PPECB	2008	2009	2010	2009	2010	2010	2010	2009	2009
Pomelo's	7.4m	6.7m	5.9m	4m	2.2m	12.6m	12.2m	14.2m	13.7m
Sagte Sitrus	4m	3.2m	4m	2m	2.5m	7.5m	7.9m	6.8m	6m
Suurlemoene	5m	3m	4.4m	1.8m	1.9m	9m	9m	8.7m	7.7m
Nawels	5.6 m	3.9m	4.6m	1.1m	1.4m	21.4m	21.4m	19.4m	19.1m
Valencias	0.6m	0.2m	0.1m	-	-	41.3m	41.3m	38.5m	35.3m
	22.6m	17m	19m	8.9m	8m	91.8m	91.8m	87.6m	81.8m

**PRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR DIE AKTIWITEITE VAN DIE CITRUS GROWERS' ASSOCIATION,
SITRUS AKADEMIE EN CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL**